GRONDWET VAN DIE DURBANVILLE SKIETKLUB

1. NAAM

Die naam van die Klub sal wees "DIE DURBANVILLE SKIETKLUB" hierna verwys as "DIE KLUB".

2. HOOFKANTOOR

Die Hoofkantoor van die Klub sal die Klubhuis op die plaas Groot Phesantekraal in die distrik Durbanville wees. Daar sal 'n geregistreerde posbus in Durbanville wees waarna alle pos geadresseer moet word.

3. DOELSTELLINGE

Die doel en mikpunt van die Klub sal wees om :

3.1 Die verskeie klasse van skiet te bevorder.

3.2 Dit te beheer en te bestuur en om kompetisies en jaarlikse kampioenskappe te organiseer en te hou.

3.3 Om te onderhandel met Nasionale Verenigings sowel as enige Provinsiale Vereniging of enige ander liggaam om die doel en mikpunte van die Klub te bevorder.

3.4 Om geld in te samel sodat die oogmerke van die Klub op enige moontlike wyse, soos deur die Bestuur besluit, uitgevoer kan word.

3.5 Om enige saak of iets wat as noodsaaklik of gewens beskou word, so doeltreffend moontlik uit te voer. Om doelstellinge waarop die Bestuur sou besluit nodig en aanvullend vir die doelstellinge van die Klub te wees, uit te voer.

3.6 'n Nie-winssoekende organisasie te wees.

4. LIDMAATSKAP

4.1 Lidmaatskap van die Klub sal beperk word tot persone 21 jaar en ouer wie opreg belangstel in die doelstellinge van die Klub, wat as geskik beskou word en met 'n meerderheidstem deur die Bestuur aanvaar word.

4.2 Voornemende lede moet deur twee lede van die Klub voorgestel word. Van hulle sal vereis word om aansoekvorms in te vul. Hierdie aansoekvorms sal daarna ingevolge Klousule 4.1 deur die Bestuur oorweeg word.

4.3 Geen lid sal enige reg, titel of belang na of in die eiendom of fondse van die Klub hê nie.

5. BEDANKING

'n Lid wat van voornemens is om te bedank, moet skriftelik kennis gee aan die Sekretaris, wat reëlings sal tref dat die bedankingsbrief aan die Bestuur voorgelê word. 'n Lid wat versuim om sy ledegelde binne 3 maande vanaf vervaldatum te betaal, se lidmaatskap sal verwys word na die Bestuur vir afhandeling.

6. BEËINDIGING VAN LIDMAATSKAP

Enige lid wat moedswilig 'n regulasie van die Klub oortree of verontagsaam, of as so 'n lid se gedrag volgens die mening van die Bestuur, skadelik is of daarop bereken is om skadelik vir die belange of die karakter van die Klub te wees, kan so 'n lid op 'n meerderheidsbeslissing van die Bestuur, uit die Klub geskors word.

7. ERE LEWENSLANGE LEDE EN –PRESIDENTE EN ERE-LEDE

a) Die Klub kan, deur middel van 'n voorstel by 'n Algemene Vergadering, die voorreg van Ere lewenslange lidmaatskap of Ere-lidmaatskap aan enige persoon of instansie, wat die Klub waardig ag vanweë sy of hul dienste aan die Klub in die verlede, toeken.

b) Ere-presidente of Vise-presidente kan aan die Klub voorgestel word, en alle benoemings sal by die Jaarlikse Algemene Vergadering voorgelê word.

8. LEDEGELD

Die intreegeld en jaarlikse ledegeld sal van tyd tot tyd by die Jaarlikse of Buitengewone Vergaderings bespreek word. Ledegeld is betaalbaar op die 1ste dag van Junie elke jaar.

9. BESTUUR VAN DIE KLUB

9.1 Die Bestuur van die Klub sal uit die volgende bestaan :

9.1.1 Voorsitter
9.1.2 Die Ondervoorsitter
9.1.3 Die Sekretaris
9.1.4 Die Penningmeester
9.1.5 'n Aantal bykomende lede wat by die Jaarlikse Algemene Vergadering verkies sal word.

9.2 Die Dagbestuur van die Klub sal uit die volgende bestaan :

9.2.1 Die Dagbestuur van die Klub sal uit die volgende beamptes bestaan : die Voorsitter, Ondervoorsitter en Sekretaris.

9.2.2 Die Bestuur sal minstens ses keer per jaar vergader en behoorlike notules sal van die verrigtinge gehou word. Enige interim besluit sal aan die daarop volgende Bestuursvergadering gerapporteer word.

9.2.3 Meer as 50% van die lede sal 'n kworum vorm en in die afwesigheid van die Voorsitter sal die Ondervoorsitter waarneem. In albei se afwesigheid sal 'n tydelike voorsitter deur die lede teenwoordig, verkies word.

10. MAGTE VAN DIE BESTUUR

Onderhewig aan Klousule 10.9 sal die Bestuur belas word met die bestuur van sake van die Klub en met die beheer van al die bates en fondse van die Klub. Die bestuur sal ook die mag hê om :

10.1 Die fondse van die Klub in vaste eiendom, staats- of munisipale effekte, bouverenigings of banke te belê.

10.2 Om enige los- of vaste eiendom te koop, te huur, of te bekom en geboue op sulke eiendom op te rig, en om enige of alle eiendom of bates van die Klub te verkoop, verbeter, verhuur of dit te hanteer.

10.3 Om van tyd tot tyd na sy goeddunke fondse in te samel.

10.4 Om reëls of regulasies te maak en om sulke reëls en regulasies van tyd tot tyd na sy goeddunke te wysig, te verander of te herroep.

10.5 Om geselligheide, wedstryde, ens. te reël of veroorsaak dat dit gereël word, met die doel om fondse te bekom en om enige gelde, wat vir die doel nodig is, te bestee.

10.6 Om enige toevallige vakature in die Bestuur te vul deur die koöptering van 'n Klublid tot die volgende Jaarlikse Algemene Vergadering, of om enige lid vir enige spesiale doel te koöpteer.

10.7 Om in alle sake in ooreenstemming met die doelstellinge van die Klub op te tree en wat in die belang van die Klub, as gewens beskou word.

10.8 Om van sy magte aan 'n onderkomitee, deur hom aangestel uit lede van die Bestuur of om dit aan enige ander lid van die Klub, op te dra.

10.9 Enige lenings of kapitaaluitgawe van die Klub se fondse wat meer as R1000-00 bedra, moet eers op 'n Algemene Vergadering bekragtig word, behalwe as die uitgawes verhaal kan word as inkomste.

11. AFWESIGHEID VAN KOMITEES BESTUUR

Enige lid van die Bestuur wat afwesig is van drie agtereenvolgende vergaderings, sonder dat die lid die nodige verlof het of daarna bevredigende redes vir die afwesigheid kan verstrek, sal ipso facto ophou om lid van die Bestuur te wees.

12 JAARLIKSE ALGEMENE VERGADERING

Die Jaarlikse Algemene Vergadering sal nie later as einde Februarie van elke jaar gehou word nie, en veertien (14) dae skriftelike kennis sal aan elke lid gegee word waarin die tyd en plek verstrek word. Twintig (20) persent van die opbetaalde ledetal sal 'n kworum vorm. As 'n kworum nie binne 'n halfuur van die bepaalde tyd van die vergadering teenwoordig is nie, sal die vergadering vir 'n verdere halfuur vertraag word, en die lede wat dan teenwoordig is, sal 'n kworum vorm.

Die sake van die Jaarlikse algemene Vergadering sal wees :

a) Om kennisgewing van die vergadering te kry.

b) Om die notule van die Jaarlikse Algemene Vergadering te lees.

c) Om die Voorsittersverslag te ontvang.

d) Om die verslag van die Penningmeester te ontvang.

e) Om lede se kennisgewings van voorstelle, wat onderteken gesekondeer en minstens 21 dae voor die Jaarlikse Algemene Vergadering aan die Ere-sekretaris voorgelê moet word, te oorweeg.

f) Om die beamptes en die lede van die Bestuur vir die volgende jaar te verkies nadat besluit is op die aantal lede.

g) Om 'n ere-ouditeur te verkies.

h) Om aandag te gee aan algemene sake.

13. BUITENGEWONE ALGEMENE VERGADERING

'n Buitengewone Algemene Vergadering kan deur die Bestuur op eie inisiatief belê word, weens spesiale redes of as die Sekretaris 'n aansoek ontvang, wat deur nie minder nie as 25% van die volopbetaalde lede onderteken moet word, tesame met 'n voorstel wat aan die vergadering voorgelê word. Veertien (14) dae skriftelike kennis van die vergadering moet aan lede gegee word en die vergadering sal belê word binne dertig dae nadat die lede aansoek gedoen het by die Sekretaris. 25% van die opbetaalde lede sal 'n kworum vorm. In die afwesigheid van so 'n kworum sal die mosie verval en die vergadering verdaag word.

14. KENNISGEWING VAN MOSIES

14.1 Kennisgewing van mosies vir die opheffing van, verandering aan en /of byvoegings tot die Grondwet van die Klub sal ingevolge Klousule besluit word.

14.2 Alle ander kennisgewings van mosies wat by die Sekretaris ingedien word sal op besluit word deur middel van 'n meerderheidstem deur die lede wat aanwesig is. In geval van gelyke stemming sal die Voorsitter 'n tweede beslissende stem hê.

14.3 Enige lid, sal die reg hê om 'n stem namens 'n ander lid op die vergadering uit te bring mits so 'n lid skriftelike toestemming daartoe verleen.

15. PLIGTE VAN BESTUUR

15.1 VOORSITTER . Die Voorsitter sal die administratiewe hoof van die Klub wees en sal die voorsitterstoel op alle Algemene en Bestuursvergaderings inneem, waar hy 'n gewone stem sowel as 'n beslissende stem sal hê.

15.2 ONDERVOORSITTER. Die Ondervoorsitter sal in die afwesigheid van die Voorsitter dié se pligte waarneem. Van hom sal ook vereis word om in noue kontak met alle ander beamptes van die Bestuur te werk en hulle te help en om in hulle afwesigheid namens hulle op te tree.

15.3 SEKRETARIS. Die sekretaris sal alle korrespondensie behartig, alle kennisgewings uitreik, notules van vergaderings neem en 'n register hou van alle lede en hul addresse.

15.4 PENNINGMEESTER. Die Penningmeester sal korrek boek hou van alle rekeninge waarin volle besonderhede van die inkomste en uitgawes en die bates en laste van die Klub weerspieël word en sal teen 30 September elke jaar 'n Balansstaat en 'n Inkomste- en Uitgawe rekening opgestel hê, behoorlik geouditeer, sodat dit aan die Jaarlikse Algemene Vergadering voorgelê kan word.

16. FONDSE

16.1 Die fondse van die Klub sal in 'n bankrekening gestort word, en alle tjeks sal onderteken word deur die Penningmeester, medeonderteken deur volmagtiges soos aangewys deur die Bestuur.

16.2 Alle rekeninge, behalwe ten opsigte van klein uitbetalings wat nie meer as 'n bedrag van tien Rand (R10-00) nie, sal per tjek betaal word.

17. GEREGTELIKE STAPPE

Die Klub kan in sy naam 'n eis instel of self gedagvaar word, en enige dagvaarding kan tydelik aan die Voorsitter of sekretaris bestel word.

18. WYSIGING VAN DIE GRONDWET

Die Grondwet van die Klub kan alleenlik gewysig word deur 'n twee-derdes meerderheidstem van die lede wat stem by 'n Jaarlikse Algemene Vergadering of op 'n behoorlike saamgestelde buitengewone Algemen Vergadering spesiaal vir die doel byeengeroep, op die kennisgewing van 'n mosie, wat behoorlik saamgestel is ingevolge die bepalinge wat betrekking het op die Jaarlikse Algemene Vergaderings.

19. KWYTSKELDING

19.1 Lede van die Bestuur en alle ander beamptes van die Klub is gevrywaar van en word kwytgeskeld ten opsigte van enige verlies van die Klub as gevolg van enige bona fide optrede deur die Klub, wat deur die Klub uitgevoer is of gelas is in die loop van die bedrywighede namens die Klub. Nieteenstaand die bepalinge van hierdie aanvaarde Grondwet, sal elke lid moreel gebonde wees om die begrip van die verklaarde doelstellige en oogmerke van die Klub te steun.

19.2 Die Klub is ’n regspersoon apart van sy lede. Die Klub het ewigdurende opvolging en het die reg om eiendom te besit en geregtelike verrigtinge in enige geregshof in te stel.

19.3 Enige dagvaarding, lasbrief, kennisgewing of ander prosesstuk teen die Klub word geag behoorlik beteken te wees indien dit aan die Voorsitter van die Bestuur (of, in sy afwesigheid, aan die Sekretaris) gelewer word.

19.4 Alle persone van voorneme om die Klub se fasiliteite te gebruik sal die register onderteken waardeur die Klub kwytgeskeld word van enige aksie met betrekking tot beserings, lewensverlies, ens., wat opgedoen word terwyl so ’n lid met bedrywighede van die Klub besig is.

20. In die geval van ’n dispuut aangaande die vertolking van enige van die klousules van hierdie Grondwet, het die Bestuur die bevoegdheid om ‘n beslissing oor die korrekte vertolking te gee.

21. Die Klub kan ontbind word of met ’n ander Klub saamsmelt wat derglike doelwitte en oogmerke het ; met dien verstande dat die meerderheid van die lede, wat by ’n behoorlike gekonstitueerde Algemene Vergadering van die Klub teenwoordig is, sodanige ontbinding of samesmelting goedkeur.

22. By ontbinding van hierdie Klub sal die fondse, indien enige, oorgedra word na ’n nie-winssoekende organisasie, vereniging of Klub soos genomineer op die Algemene Vergadering.

DURBANVILLE

04 Oktober 1988